Verwysing: 20200310-5538
Lêernommer: 13/1/1/2
Navrae: C Abrahams

Eksamenadministrasieminuut: 0002/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoof-onderwyskundiges, Assesseringskoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Verifikasie van graad 12-leerders se registrasie-inligting vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen

1. Ooreenkomstig instruksies van die Departement van Basiese Onderwys (DBO), moet graad 12-leerderinligting op die nasionale eksamenstelsel aangeteken word.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met die gelyste dokumente hieronder wat die bestuur en administrasie van leerders se vakveranderinge, vakregstellings en die verifikasie van leerders se data op SOBIS bespreek:

   - Assesseringsbestuursminuut 0018/2018 van 06 Desember 2018,
   - Assesseringsbestuursminuut 0009/2019 van 17 September 2019, en
   - Kennis- en Inligtingsbestuursminuut 0003/2020 van 06 Februarie 2020.

3. Graad 12-leerders se inligting sal op **Maandag, 16 Maart 2020** uit SOBIS onttrek word en na die nasionale eksamenstelsel vir eksamendoeleindes oorgedra word.

4. Skole het tot 15 Maart geleentheid om die persoonlike besonderhede van hulle graad 12-leerders op SOBIS reg te stel. Die funksionaliteit op SOBIS is oopgestel vir skole om hierdie regstellings aan te bring.

5. **Verifikasie van leerders se inligting**

5.1 Die **identiteitsnommer** van 'n leerder is 'n **verpligte veld**. Dit is dus belangrik dat alle leerders in graad 10 aansoek doen om hulle identiteitsdokumente. Die geboorte-sertifikaatnommer moet intussen gebruik word.

5.2 Leerders wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie (ingeslote immigrante), moet 'n paspoort **en** 'n studiepermit hê. Leerders wat om asiel aansoek gedoen het se dokumente sal aanvaar word. Nieburgers wat tans deel van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel is maar nie die vereiste dokumente het om vir die NSS-eksamen in 2020 te registreer nie, sal toegelaat word om vir die eksamen te registreer, maar hulle NSS-sertifikate sal nie aan hulle uitgereik word voordat geldige dokumente gelewer is nie.

5.3 Gaan die spelling van volle name en vanne na. Dit behoort te wees soos dit op die leerder se identiteitsdokument/geboortesertifikaat/paspoort verskyn.

5.4 Indien leerders hulle name en vanne verander gedurende of binne 90 dae nadat hulle hulle graad 12-NSS-eksamen afgelê het, of ná die oordrag vanaf SOBIS na die nasionale eksamenstelsel, moet gewaarmerkte afskrifte van hulle ou en nuwe identiteitsdokumente en 'n beëdigde verklaring waarin die redes vir die veranderinge wat gemaak is, gemeld word, aan die aangewese eksamenamptenare wat in **Tabel 1** gelys is, gestuur word.

5.5 Die selfoonnommer van 'n leerder of sy/haar ouer/voog is 'n verpligte veld. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement maak van SMS-dienste gebruik om belangrike eksamenverwante inligting aan leerders oor te dra.

5.6 Leerders met spesiale behoeftes wat verkies om vir die geëndosseerde NSS-eksamen in te skryf, moet as sodanig op SOBIS aangedui word.

6. Die geleentheid om graad 12-vakveranderinge aan te bring, is verby. Alle versoeke om regstellings aan vakke aan te bring moet met 'n afskrif van 2019 se November-vordering- en bevorderingskedules gepaardgaan.

7. Skole word herinner dat hierdie SOBIS-registrasiedata gebruik word om graad 12 leerders op die *Integrated Examination Computer System* te registreer. Hierdie data word gebruik om die voorlopige skedules en toelatingsbriewe uit te druk en om die inligting vir die druk van die vraestelle te voorsien. Dit is dus baie belangrik dat skole moet seker maak dat alle leerders se persoonlike besonderhede en vakke korrek op SOBIS vasgelê word vóór die onttrekkingsdatum.

8. Nadat die leerders se data onttrek is en na die eksamenstelsel oorgedra is, sal skole 'n gedrukte skedule van hulle graad 12-leerders se NSS-registrasies soos dit op die nasionale eksamenstelsel weerspieël word, ontvang.

8.1 Hierdie skedules moet deur elke graad 12-leerder nagegaan en geteken word. Alle regstellings aan die skedule moet in **rooi ink** aangebring word.

8.2 Prinsipale moet die gedrukte skedules verifieer en teken.

8.3 'n Afskrif van die getekende skedules moet by die skool gehou word vir die skool se eie gebruik, en die oorspronklike skedule moet teen **16 April 2020** na die aangewese eksamenamptenare vir elke distrik, aangedui in Tabel 1, gestuur word.

TABEL 1

Distrik	**Verantwoordelike amptenaar**	**Telefoonno.**	**E-pos**
Metro-Noord	Johnnie Isaacs Jean Theron	021 467 2974 021 467 2145	johnnie.isaacs@westerncape.gov.za jean.theron@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Gail Liguma Ruth Hope	021 467 2913 021 467 2518	gail.laguma@westerncape.gov.za ruth.hope@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Gideon Dilgee Silumko Joka	021 467 2941 021 4672519	gideon.dilgee@westerncape.gov.za silumko.joka@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Linsay van Gensen Peggy Thomas	021 467 2917 021 467 2930	linsay.vangensen@westerncape.gov.za peggy.thomas@westerncape.gov.za
Weskus	Patricia Liguma Robin Jacobs	021 467 2936 021 467 2940	patricia.liguma@westerncape.gov.za robin.jacobs@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Lindsay Weber Farrel Jacobs	021 467 2732 021 467 2893	lindsay.weber@westerncape.gov.za farrel.jacobs@westerncape.gov.za
Overberg	Patricia Liguma Elmarie du Toit	021 467 2936 021 467 2920	patricia.liguma@westerncape.gov.za elmarie.dutoit@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	George Valentine	021 467 2978	george.valentine@westerncape.gov.za

9. Hierdie minuut moet aan alle graad 10- tot 12-koördineerders en SOBIS-administrateurs oorhandig word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-03-11